EL SHADDAI
CHRISTIAN SCHOOL · CHRISTENSKOOL
GROW · EQUIP · SEND

Hoërskool Afrikaans Eerste Addisionele Taal (twee voltydse poste)

Sluitingsdatum vir aansoeke: 28 Februarie 2024
Diensaanvaarding: 1 April 2024

A Algemene inligting:

1. Alle aansoeke moet per e-pos na die skoolhoof gestuur word by headmaster@escs.org.za of by die ontvangs afgelewer word. Sorg dat dit duidelik aan die skoolhoof gerig is.
2. Die onderhoude sal kort na die sluitingsdatum gevoer word.
3. Neem asseblief kennis van die algemene vereistes vir alle poste by ESCS. Hierdie vereistes kan op ons skool se webtuiste gevind word: http://www.escs.org.za/high-school-staff-vacancies.html
4. Hierdie is 'n voltyde posisie (daagliks van 07:30 tot 15:30).
5. Daar word van alle voltydse personeel verwag om twee maal per week 'n professionele personeelontwikkelingsessie by te woon. Hierdie sessies is tot 16:00 in die middae.
6. 'n Relevante akademiese kwalifikasie met Afrikaans as hoofvak word vereis.

B Hoofverantwoordelikhede:

- Onderrig 'n verrykende Afrikaanse CAPS kurrikulum vir die Junior Hoërskool (Graad 7 - 9).
- Berei die leerders voor om die eksterne IGCSE eksamen aan die einde van Graad 10 suksesvol af te lê. In die middel van Graad 9 en in Graad 10 word die *Cambridge International Exams* (CIE) kurrikulum gevolg.
- Kennis van die CIE-kurrikulum is nie 'n vereiste nie, maar sal in die aansoeker se guns tel. Die nodige opleiding en ondersteuning sal aan die onderwyser gegee word as hy/sy van die WKOD / Nasionale Kurrilukum oorskuif.
- Die onderrigtaal in die Afrikaanse klasse is Afrikaans, maar daar word van die onderwyser verwag om soms Engels te praat aangesien El Shaddai Christenskool 'n Engelse hoërskool is (m.a.w. die onderrigtaal in al die ander vakke is Engels).
- Die bevoegdhede van die leerders in hierdie klasse wissel van baie swak na goed.

C Wees gewillig om 'n buitemuurse aktiwiteit (kultuur of sport) aan te bied/te lei en om ekstra klasse aan te bied.

D Professionele ontwikkeling

Opleiding en ondersteuning sal aan die onderwyser gebied word. Weeklikse personeel-ontwikkeling sessies word na skool op Dinsdae en Woensdae aangebied. Daar word ook van die personeel verwag om addisionele opleiding van tyd tot tyd te ontvang.

E 'n Unieke klasopset

- Ons klasse is klein en dit bied onderwysers die geleentheid om goeie verhoudings met die leerders te bou. In Graad 7 - 9 is daar ± 20 leerders in elke klas.
- Ons personeel werk in klein departemente en ons streef daarna om Bybelse beginsels te implementeer wat 'n werksomgewing van spanwerk, mentorskap, ondersteuning en geestelike groei kweek.